Sedert 1858

Hoërskool Goudini
Skoolhoof: A P Hanekom

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

Uit die Hoof se kantoor:

29 Mei 2020

Geagte ouer / voog

Ek is mos die Here jou God. Ek sal jou hande sterk maak. Ek sê vir jou: Hou nou op om bang te wees. Ek self help jou dan. *Jesaja 41:13 Die Boodskap.*

Met bogenoemde woorde wil ek u as ouer/voog en leerder gerus stel dat ons nie alleen is en hierdie uitdagende en onsekere tyd nie.

Ek wil u verseker dat ons alles in ons vermoë sal doen om ons personeel en leerders se veiligheid te verseker.

Hoërskool Goudini se personeel is opgewonde en voorbereid om die leerders Maandag, 1 Junie 2020 te ontvang.

Lees asseblief die twee briewe, wat u volgende week gaan ontvang, noukeurig deur want dit bevat baie belangrike inligting.

Dit is belangrik dat almal van ons verantwoordelik moet wees en selfgedissiplineerd moet optree om van hierdie saak 'n sukses te maak.

Goudini groete.

Kwartaaldatums 2020:

Kwartaal 2: 1 Junie – 24 Julie

Kwartaal 3: 3 Augustus – 23 September

Kwartaal 4: 28 September – 15 Desember



Skooldrag

Alle leerders moet asseblief in hul volle winterskooldrag geklee wees vanaf Maandag, 1 Junie 2020

Hoë risiko leerders

Ouers word versoek om asseblief die skool in kennis te stel as u kind 'n mediese toestand het wat hom/haar 'n hoë risiko vir Covid-19 maak. Stuur of e-pos die mediese sertifikaat na die skool.

Graad 7 ouers

Ons versoek dat u as ouers die skool sal inlig indien u verkies om jul kinders vanaf die huis te wil laat skool gaan.

SIFTING - Maandag, 1 Junie 2020

- 07:15 – Siftingsproses begin met leerders. Almal se koors sal geneem word, 'n vraelys sal voltooi word en almal se hande sal gesaniteer word.
- Tree op die sypaadjie buite die skool aan en behou sosiale afstand soos gemerk op die palisades.
- Onthou om 'n masker te dra. Die skool sal ook 2 wasbare maskers aan elke leerder verskaf.
- Leerders word vriendelik versoek om hul eie ontsmettingsmiddels skool te bring en te gebruik soos nodig.
- Op reëndae sal die Graad 12 leerders voor mnr du Toit se klas aantree soos uitgemerk. Die graad 7 leerders sal voor die saal onder die afdak aantree soos uitgemerk.

Rapporte / Tuiswerk

Rapporte / Tuiswerk sal op die volgende datums en tye by die skool afgehaal kan word buite die skoolhek. Behou asseblief sosiale afstand soos gemerk.

Tuiswerk sal soos volg uitgedeel word vanaf Maandag, 1 Junie 2020



Maandae: Graad 11 en Graad 6

Dinsdae: Graad 10 en Graad 5

Woensdae: Graad 9 en Graad 4

Donderdae: Graad 8 en Graad 3

Vrydae: Graad R, Graad 1 en Graad 2

Dit sal uitgedeel word vanaf 12:00 tot 13:00 Alle leerders moet rapporte (Graad 8 tot Graad 12) en tuiswerk kom afhaal.

LET WEL ALLE GRAAD 7 LEERDERS SE SKOOLTASSE SAL VANAF MAANDAG, 1 JUNIE 2020 BY DIE SKOOL GELOS WORD. TASSE WORD IN KLAS TOEGESLUIT. – GEEN HUISWERK

Skool periode-tye

Periodes	Gewone skooldag
Register	07:45 -08:00
Periode 1	08:00 – 08:47
Periode 2	08:47 – 09:34
Pouse	09:34 – 09:44
Periode 3	09:44 – 10:31
Periode 4	10:31 – 11:18
Pouse	11:18 – 11:38
Periode 5	11:38 – 12:25
Periode 6	12:25 – 13:12
Pouse	13:12 – 13:27
Periode 7	13:27 – 14:14
Periode 8	14:14 – 15:00

Die uwe
A.P Hanekom
Die skoolhoof
29 Mei 2020